11 Oktober 2022

Familienuus 424

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

Die vierde kwartaal is opwindend.

Die programme waaraan deur die jaar gewerk is, bereik 'n hoogtepunt. Dit word Adventstyd. Jeugbedienings vier 'n jaar se werk. Gemeentes raak besig met strategiese beplanning-prosesse vir 'n nuwe jaar. *'n Wenk: strategie is nie ingewikkeld nie maar dit is ook nie maar net 'n naweek-oefening alleen nie. Vra drie vrae: (1) Identiteisvraag: Wie is ons? (2) Roepingsvraag: Wat doen ons? (3) Aksievraag: Hoe doen ons dit? Verpak hierdie drie vrae in 'n diep geloofsonderskeidende proses – en doen dit in afhanklikheid van die Here.*

Ons is opgewonde oor elke gesprek oor God se plan met 'n gemeente, 'n bediening, 'n uitreik, 'n versorgingsprojek. Wat 'n voorreg om hiervan deel te kan wees!

Mag die 2022 vierde kwartaal vir julle mooi wees.

[As jy nog nie 'n huisie of 'n kampeerplek bespreek het vir die Desember-vakansie nie, beter jy nou vinnig spring.]

GEMEENTES EN LERAARS

Nico Swart van **Skuilkrans** het 'n hartklep-vervanging gehad. Dit was 'n gestoei na die operasie om hart en longe te laat werk soos dit moet – maar Nico is weer tuis! Ons bid steeds vir volkome herstel. (Ek vermoed Nico bid ook vir die geleentheid om 'n 14^{e} Ysterman aan te pak – tyd sal leer...)

Louis Cloete van Basilea-gemeente (voorheen Witbank-Klipfontein) het einde September geëmeriteer na bereiking van oudersom 65 jaar. Emeritus Louis dien vir 'n verder jaar met 'n vastetermyn-kontrak in die gemeente.

Dewald Niemandt van Valleisig het 'n beroep na Bryanston aanvaar. Hy begin 1 November in die gemeente.

EKOFAKTOR- en EKO 7- KAMP

2 tot 5 Oktober by Bergenrivier Kampterrein

'n Oupa stuur verlede Woensdag, nadat ons terug is van die Ekofaktorkamp af, vir my die volgende boodskap: "*Wat op aarde het julle met die kinders aangevang? Johan is uit op sy voete*." Mooi so! Baie geluk! Donderdag loop een van die graad 7's se ma my by die winkel raak: "*BAIE dankie vir die kamp. Lizelle is heeltemal pootuit maar sy kan nie ophou vertel oor die kamp nie*." Is dit nodig om meer te sê?

Ons loof die Here vir 'n BAIE geseënde tyd saam met 'n pragtige groep kinders. Die weer was heerlik en daar was geen ongevalle nie. Saam met die kinders het ons by die Here en die voëls geleer hoe 'n mens God se geskenk aan ons – die aarde, wat Hy in ons sorg geplaas het – verantwoordelik benut en geniet.

Soos wat ons in die veld gestap het om te gaan Bybelstudie of iets anders wat lekker is, te gaan doen, kon elkeen van ons ongelooflik baie by Shobie leer. Hy is 'n veldkundige wat drie van sy werksdae vir ons opsygesit het om sy interessante kennis met ons te deel.

Die moddersokker, windbuksskiet, binnebandry op die rivier en die lekker swembad het alles bygedra tot kinders wat uit is op hulle voete.

Dankie ook aan Leon en Cathrin wat ons geledere kom versterk het. En dan het ons twee vroulike teologiestudente bygekry as deel van ons Ekologie taakspan: Monique Dempskey en Lané Truscott. Wat 'n wins vir ons!

Dankie ook aan Bergenrivier waar ons nou al vir die vierde jaar lekker geëet, geslaap en geniet het.

Ekogroete.

Ekofaktor- en Eko 7 personeel.



EKO-NAWEEK IN CHRISSIESMEER SE MERE-GEBIED

Die **Projekspan vir Ekologie** reël 'n naweek vir natuurliefhebbers **25 tot 27 November 2022.** Hierdie naweek is bedoel vir individue en gesinne. **Genesaret kampterrein buite Chrissiesmeer** dien as basis. Ons beoog om voëlkenners en 'n paddakenner saam te hê wat vir ons meer inligting kan gee oor die voëls en paddas wat in hierdie pragtige meregebied te sien is. Ons gaan lekker kuier, vleilande besoek om voëls te kyk en paddas te vang (dis VET pret, glo my!) Verblyf is beskikbaar op Genesaret.

Chrissiesmeer is een van die wêreld se interessantste meregebiede. As 'n mens op Google Earth kyk, sien jy die ongelooflike hoeveelheid panne/mere in hierdie omgewing.

Chrissiesmeer is op die waterskeiding van Suid-Afrika geleë. Vier groot rivierstelsels ontspring hier, te wete die Vaal-, Komati-, Olifants- en Usuturiviere. Die meer self is die grootste natuurlike varswatermeer in Suid-Afrika en beslaan ongeveer 1500 hektaar.

Hierdie gebied is wêreldwyd bekend vir die ryk voëllewe wat hier aangetref word. En waar daar water is, is daar paddas. Verder kom hier 'n ryke verskeidenheid inheemse plante, onder meer grond-orgideë, voor.

Om solank jou plek te bespreek, kontak so gou as moontlik vir Tersia Petzer by ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543. Meer inligting volg binnekort.

VIR ONS FINANSIËLE BEAMPTES SE AANDAG

Gemeentes word herinner dat die **Werkgewer Tussentydse Versoeningsverklaring (EMP501),** beter bekend as die SARS Rekonsiliasie, ingedien moet wees teen 31 Oktober 2022. Lees meer hieroor in die ingeslote dokumente.

Die **vergoeding vir reiskoste** wat aangegaan word vir die bywoon van vergaderings is deur die Sinodale Diensraad verhoog na **R4-18 per kilometer**. Gemeentes en Ringe tref hulle eie interne reëlings met leraars en personeel hieroor.

Let op: hierdie aanpassing raak nie die reistoelaag-komponent van leraars se vergoeding nie. Die reistoelaag se nuwe syfers kom saam met die traktement-aanpassing rondom die einde van November.

BESTMED

Ons het die Bestmed premies en veranderings in voordele vir 2023 hier vir u saamgevat, en die nodige kontakbesonderhede ingesluit. Let asseblief daarop dat die Pulse opsies vervang word deur die Rhythm opsies en dat die kategorieë van die salarisskale verbreed is. Vir gemak word die “Comparative Guide”, wat al die inligting oor die planne bevat, ook hier beskikbaar gestel asook 'n skrywe aan werkgewers.

PENSIOENFONDS ADMINISTRASIE

Die **Predikante- en Amptenare Pensioenfonds** het onlangs op verskeie plekke opleidingsessies aangebied. Cathy Odendaal het dokumente versamel wat help met die prosesse van elke maand asook met die aankoms of vertrek van 'n lid.

Onthou asseblief ook dat **Theo Smith, ons Pensioenfondsbestuurder**, beskikbaar is om te help. Kontak hom by theo@pensioene.co.za of 012 342 0415.

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za .

Die Algemene Sinode het 'n nuut opgedateerde weergawe van die **Bestuursgids vir gemeentes, kerkrade en kerkkantore** beskikbaar gestel. Hierdie is 'n administratiewe handleiding oor alles van personeelsake, vergoeding, diensooreenkomste en dissiplinêre prosesse. Dit is op ons webwerf beskikbaar asook by hierdie skakel.

Bybel-Media gee inligting oor hulle voorskoolse kategese-produkte asook oor Bybelmaand. Bybel-Media se produkte word saamgestel deur taakspanne van die Algemene Sinode wat baie ure se navorsing en dinkwerk en skryf hier insit. Uit ons Sinode het ons goeie verteenwoordiging op hierdie spanne.

UIT ONS SINODEHUIS

Ringe wat in hierdie of die komende weke vergader, moet asseblief hulle getekende sakelys en notule aan argief@sinoos.co.za stuur vir veilige bewaring. Gee ook asseblief vir ons die name van die Ringsdiensraad vir die volgende termyn.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 24 Oktober verjaar.

PREDIKANTE

15 Oktober - Jurgens de Jager, Witrivier
20 Oktober - André de Villiers, Valleisig
24 Oktober – Stephan Joubert, Pierre van Ryneveld

EMERITI

13 Oktober - Marius van Rooyen, kerksondermure 2020
15 Oktober - Johan Dill, Monumentpark-Wes 2009
17 Oktober - Dolf Kruger, Moreletapark 2015
17 Oktober - Jaco van Rooyen, Middelburg 2018
18 Oktober - Andries Louw, Sinodale Getuienisforum 2011
22 Oktober - Pieter Conradie, Witbank Korrektiewe Dienste 2002

GEMEENTES

13 Oktober - Bronkhorstspruit (117)
18 Oktober - Witbank-Panorama (40)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za

NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIEK HIER.

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieer of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is.
Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful.
Please immediately contact the sender if you have received this message in error.